**Vraag** : Waarom vier die Kerk van die Nuwe Testament[1] die Sabbat op die eerste dag van die week? (deur oudl. Freek Kruger [GK Bet-el] met erkenning aan ds. Cobus Rossouw [GK Daspoort] se lesings wat hy gelewer het oor die onderwerp by die GK Bet-el)

**Antwoord** : Omdat die Skrifte vervul is in ons Here Jesus Christus (a) deur Sy opstanding uit die dood op die eerste dag (b) waarmee Hy ons in Sy ewige rus ingelei het (c). Die Sabbatsrus van die Ou Verbond is volkome in ons HERE Jesus Christus se opstanding vervul deur die Dag van die HERE (d), Sy verlossing (e), Sy offer (f), Sy herskepping (g) en Sy Nuwe Verbond waarvan die Ou Testamentiese Sabbat en seremoniële feesdae 'n skaduwee en teken was (h). Die Here Jesus Christus wat die HERE van die Sabbat is (i) het sy Apostels deur sy Woord en Gees geïnspireer (j) om op die eerste dag, deur hulle voorbeeld,(k) die Kerk van die Nuwe Testament in te lei in die Woordverkondiging (l), bediening van die Nagmaal, (m) die doop (n) en insameling van die liefdesgawes (o).

**REDES WAAROM DIE KERK VAN DIE NUWE TESTAMENT OP DIE EERSTE DAG IN EREDIENS SAAMKOM**

**a. DIE SKRIFTE IS VERVUL IN CHRISTUS DEUR SY OPSTANDING**

1. Kol 2:16-17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of **sabbat** nie,
   wat 'n **skaduwee** is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.
2. Mat 1:22 En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het:
3. Mat 2:15 En hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep.
4. Mat 2:17 Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is toe hy gesê het:

---

[1] Die kerkvaders
Dat die Sondag, "dag van die Here" , die dag van Christus se opstanding, van die begin af die rusdag van die Christendom was, blyk ook uit geskrifte van die kerkvaders en ander:

- Die Didache of Leer van die Twaalf Apostels (geskrywe ongeveer 100 n.C. en ontdek deur Biskop Bryennios in 1875) waarin aangaande die rusdag die volgende bepaling voorkom: „Op die dag van die Here moet hulle saamkom, die brood breek en danksê, nadat hulle hul oortredinge bely het, sodat hul offers suiwer mag wees!"
- Ignatius (ongeveer 110 n.C.) skrywe in in 'n brief: „Laat elke vriend van Christus die dag van die Here hou as 'n feesdag, as die opstandingsdag, die koningin en die vernaamste van al die dae. Selfs die Christene uit die Jode hou nie meer die Sabbat nie, maar leef na die Dag van die Here."
- Justinus die Martelaar (140 n.C.) skrywe in sy Apologie: „Op die dag, in Rome Sondag genoem, is die gemeenskap¬like samekoms van almal in die stede of in die landelike distrikte, en die herinneringe van die apostels en die geskrifte van die profete word gelees . . . . omdat op die dag Jesus Christus uit die dood opgestaan het."
- Tertullianus van Noord-Afrika (200 n.C.) skrywe: „Ons vier die dag na Saterdag, in teenstelling met diegene wat hierdie dag hul Sabbat noem. Sondag is ons dag van vreugde. Ons het niks te maak met Sabbatte of ander Joodse feeste nie, nog minder met die van die heidene. Ons het ons eie plegtige dae, byvoorbeeld die Dag van die Here en Pinksterfees."

18 ‘n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie.

5. Mat 2:23 En hy het gaan woon in ‘n stad met die naam van Násaret, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is, dat Hy Nasaréner genoem sou word.
6. Mat 4:13 En Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,
   14 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het:
   15 Die land Sébulon en die land Náftali, na die see toe, oorkant die Jordaan, Galiléa van die heidene—
   16 die volk wat in duisternis sit, het ‘n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het ‘n lig opgegaan.
7. Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.
8. Mat_8:17 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.
9. Mat 12:17 sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur Jesaja, die profeet:
10. Mat 12:18 Kyk, my Kneg wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel ‘n welbehae het! Ek sal my Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig.
11. Ens …..

**b. DIE SKRIFTE WORD VERVUL DEUR CHRISTUS SE OPSTANDING - DIE NUWE VERBOND WORD AANGEKONDIG MET HEILSGEBEURE OP DIE EERSTE DAG**

1. Act 26:22-23 Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie:
   dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en ‘n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.
2. Christus se opstanding. (Mt. 28:1; Mk. 16:2, 9; Lk. 24:1; Jn. 20:1)
3. Christus se verskyning aan die Appostels (Mt. 28:9; Lk. 24:15-31, 36; Jn. 20:19, 26)
4. Uitstorting van die Heilige Gees. (50 dae na die Opstanding wat val op die eerste dag)

**c. IN CHRISTUS IS DIE EWIGE RUS VAN DIE SABBAT VERVUL DEUR SY OPSTANDING WAARDEUR HY ONS IN SY EWIGE RUS INGELEI HET**

1. ‘Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie’ (Johannes 14:27).
2. ‘En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ’n slaaf was, en die HERE jou God jou
3. daarvandaan uitgelei het deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die Sabbatdag te hou’ (Deuteronomium 5:15).

4. Heb 3:16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie?
5. Heb 4:1 Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.
6. Heb 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.
7. Heb 4:3 Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.
8. Heb 4:4 Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus;
9. Heb 4:5 en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.
10. Heb 4:6 Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,
11. Heb 4:7 **bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag**, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.
12. Heb 4:8 Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.
13. Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;
14. Heb 4:10 want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.
15. Heb 4:11 Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.
16. Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.
17. Heb 4:13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.
18. Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.
19. Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
20. Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.
21. Mathew Henry se kommentaar op Heb 4 : 4-10: "He illustrates and confirms it that those who believe are thus happy, and do enter into rest. (1.) From God's finishing his work of creation, and so entering into his rest (Heb_4:3, Heb_4:4), appointing our first parents to rest the seventh day, to rest in God. Now as God finished his work, and then rested from it, and acquiesced in it, so he will cause those who believe to finish their work, and then to enjoy their rest. (2.) From God's continuing the observance of the sabbath, after

the fall, and the revelation of a Redeemer. They were to keep the seventh day a holy sabbath to the Lord, therein praising him who had raised them up out of nothing by creating power, and praying to him that he would create them anew by his Spirit of grace, and direct their faith to the promised Redeemer and restorer of all things, by which faith they find rest in their souls. (3.) From God's proposing Canaan as a typical rest for the Jews who believed: and as those who did believe, Caleb and Joshua, did actually enter into Canaan; so those who now believe shall enter into rest. (4.) From the certainty of another rest besides that seventh day of rest instituted and observed both before and after the fall, and besides that typical Canaan-rest which most of the Jews fell short of by unbelief; for the Psalmist has spoken of another day and another rest, whence it is evident that there is a more spiritual and excellent sabbath remaining for the people of God than that into which Joshua led the Jews (v. 6-9), and this rest remaining, [1.] A rest of grace, and comfort, and holiness, in the gospel state. This is the rest wherewith the Lord Jesus, our Joshua, causes weary souls and awakened consciences to rest, and this is the refreshing. [2.] A rest in glory, the everlasting sabbatism of heaven, which is the repose and perfection of nature and grace too, where the people of God shall enjoy the end of their faith and the object of all their desires. (5.) This is further proved from the glorious forerunners who have actually taken possession of this rest - God and Christ. It is certain that God, after the creating of the world in six days, entered into his rest; and it is certain that Christ, when he had finished the work of our redemption, entered into his rest; and these were not only examples, but earnests, that believers shall enter into their rest: He that hath entered into rest hath also ceased from his own works as God did from his, Heb_4:10. Every true believer hath ceased from his own works of righteousness, and from the burdensome works of the law, as God and Christ have ceased from their works of creation and redemption."

**d. DIE DAG VAN DIE HERE**

1. Die Dag van die Here dui beide op :
    i. die wederkoms van Christus op die wolke en
    ii. die Opstanding van ons Here. Ps 118 en Openb 1:10 getuig van die Opstanding van Christus en die Sabbat van die NT.
2. Ps 118 - Die DAG van die HERE gaan in vervulling in Christus se Opstanding.
    i. Psa 118:22-24 Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë. Dit is **die dag wat die HERE gemaak** het; laat ons daaroor **juig** en **bly** wees.
    ii. Daar word aan die hand van die Skrif aangetoon dat Psalm 118
        1. van Christus profeteer,
        2. dat die blydskap en juiging van Christus se opstanding profeteer,
        3. Dat die "dag wat die HERE gemaak het" van Christus se opstandingsdag profeteer.
3. Psalm 118 profeteer van Christus.

i. Mat 21:42 Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?
ii. Mar 12:10 Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?
iii. Luk 20:17 Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?
iv. Han 4:10-11 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die **Naam van Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode **opgewek** het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.

4. Watter dag was daar blydskap ?
   i. Mat 28:8 En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydskap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.
   ii. Luk 24:41 En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet?
   iii. Joh 20:20 En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien.
   iv. Daar is geen twyfel oor die blydskap wat geheers het oor Christus se opstanding nie.
5. Watter DAG is díe DAG van die HERE JESUS CHRISTUS wat Ps 118 profeteer, waaroor ons kan juig en bly wees?
   i. **Hand 4: 1-4 Verbind die "Dag van die HERE" van Ps 118 aan die opwekking van Christus.**
   Hand 4:10-11 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die **Naam van Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode **opgewek** het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. **Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het**.
   ii. Vergelyk : (Mt. 28:1; Mk. 16:2, 9; Lk. 24:1; Jn. 20:1)
   iii. Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die **opstanding** en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;
   iv. Hand 1:22 van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is—van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy **opstanding**.
   v. Christus vervul Ps 110 in Sy Opstanding : Hand 2:30-32 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit, het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die **opstanding** van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. Hierdie Jesus het God **opgewek**, waarvan ons almal getuies is.
   vi. Han 4:33 En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die **opstanding** van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

vii. Han 26:23 dat die Christus moes ly en die **eerste** wees uit die **opstanding** van die dode, en ‘n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.

viii. Rom 1:2-4 wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die **opstanding** uit die dode, **Jesus Christus, onse Here**,

ix. Rom 6:5-11 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy **opstanding**;
aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.
As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal **lewe**,
omdat ons weet dat Christus, nadat Hy **opgewek** is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.
Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.
So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in **Christus Jesus, onse Here**.

x. 1Co 15:12 As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode **opgewek** is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?

xi. 1Co 15:21 Want aangesien die dood deur ‘n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens.

xii. Php 3:10 sodat ek Hom kan ken en die krag van sy **opstanding** en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,

xiii. 1Pe 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die **opstanding** van Jesus Christus uit die dode,

xiv. 1Pe 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as ‘n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as ‘n bede tot God om ‘n goeie gewete—deur die **opstanding** van Jesus Christus

xv. Openb 20:5-6 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste **opstanding**. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste **opstanding**; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

6. Johannes se verwysing na die Dag van die HERE dui op die Opstandingsdag : “Openb 1:10 Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor, soos van ‘n basuin, wat sê:”

    i. Nerens in die Skrif word daar na die Sabbat verwys as die Dag van die HERE nie.

ii. Direk vertaal “HERE se Dag” – die voorvoegsel “HERE se” - “kuriakon” word op slegs een ander plek in die Skrif gevind nl “HERE se” Nagmaal. (“kuriakon deipnon”). Ons weet dat die Nagmaal gewoonlik op die eerste dag van die week gehou is.

**e. VERLOSSING IN CHRISTUS**

1. Wet en Sabbat – verlossingskarakter
   i. Exo 20:2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
   ii. Deu 5:6 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
   iii. Deu 5:14 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy.
   15 En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ‘n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan **uitgelei** het deur ‘n sterke hand en ‘n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.
   iv. Exo 3:8 Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete.
   v. Exo 18:9 En Jetro het hom verheug oor al die goeie wat die HERE aan Israel gedoen het, dat Hy hulle uit die hand van die Egiptenaars verlos het.
   vi. Exo 18:10 Daarop sê Jetro: Geseënd is die HERE wat julle verlos het uit die hand van die Egiptenaars en uit die hand van Farao, wat die volk onder die hand van die Egiptenaars uit verlos het.
2. Skrifte en rede vir Sabbat gaan in vervulling - Christus het ons verlos van ons sonde dood.
   i. Mat 1:21 en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.
   ii. Kol 1:13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,
   iii. 1Th 1:10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.
   iv. Tit 2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself ‘n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.
   v. Luk 1:68 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het,
   vi. Rom 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

**f. DIE SEREMONIËLE GEDEELTE VAN SABBAT VAN DIE OU VERBOND IS IN CHRISTUS DEUR SY OPSTANDING VERVUL**

1. Op die sabbat is offers gebring wat heenwys na die offer wat Christus gebring het aan die kruis.
   i. Eseg 46:12 En as die vors 'n vrywillige offer gereedmaak, 'n brandoffer of dankoffers as vrywillige offer aan die HERE, dan moet hulle vir hom die poort oopmaak wat na die ooste kyk; en hy moet sy brandoffer en sy dankoffers berei soos hy op die sabbatdag doen; en as hy uitgaan, moet hulle die poort sluit nadat hy uitgegaan het.
   ii. Eze 46:4 En die brandoffer wat die vors aan die HERE moet bring op die sabbatdag, is ses lammers sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek;
   iii. Num 28:9 Maar op die sabbatdag twee jaaroud lammers sonder gebrek en twee-tiendes van 'n efa fynmeel as spysoffer, met olie gemeng, en die drankoffer wat daarby behoort.
   iv. Num 28:10 Dit is die brandoffer van die sabbat op elke sabbat, behalwe die voortdurende brandoffer en die drankoffer wat daarby behoort.
   v. Eze 45:17 En op die vors rus die verpligting van die brandoffers en die spysoffer en die drankoffer op die feeste en op die nuwemane en op die sabbatte, op al die feestye van die huis van Israel; hy moet die sondoffer en die spysoffer en die
2. Christus as offer vir ons sondes
   i. Eph 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.
   ii. Heb 5:3 En daarom juis moet hy, net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer.
   iii. Heb_9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.
   iv. Heb_10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.
   v. Heb_10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.
3. Die morele gedeelte van die wet nl "rus" en "heiliging/afsondering" van die dag geld steeds en is nie deur Christus se vervulling ontbind nie.
4. Ds Kayayan – Ons sabbatsrus vin dons in God se Genade : "Christus se sentrale plek in die Sabbat In die Ou Testament kon die Sabbat nooit van offers geskei word nie. Die offers was tekens van versoening met God. Die brief aan die Hebreërs lê klem op die finale soendood van die finale priester, Jesus Christus, wat alles perfek voltooi het. Jesus se laaste woorde aan die kruis was: 'Dit is volbring!' Die werk waarvoor sy Vader Hom gestuur het, is heeltemal voltooi. Met Christus se voltooiing van God se werk is 'n heel nuwe dimensie aan die Sabbat gegee. Ons aanskou God se werk nou nie net in sy skepping nie, maar ook in sy herskepping deur Christus. Christus het die sentrale plek in die Sabbat ingeneem. Hy het die groot verlossingsdaad verrig wat aan ons shalom, vrede en rus, gee. Hy alleen mag sê: 'Die Sabbat is

gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat’ (Markus 2:27,28). Jesus gee inderdaad ’n nuwe dimensie aan ons belewenis en viering van die Sabbat, want hy bring ’n element van voltooiing wat in die Ou Testament nog nie teenwoordig was nie. Daarom sê die outeur van die Hebreërbrief duidelik dat Josua, wat die volk in die beloofde land ingebring het, nie die finale rus vir hulle gegee het nie, sonder om te praat van al die Israeliete wat in die woestyn gesterf het as gevolg van hulle gebrek aan geloof. Christus, Hy alleen, voltooi die werk. Alleen dié wat in Hom ingeënt is, kan in die ewige Sabbatsrus ingaan. ‘Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou’ (Hebreërs 3:14).”

**g. SABBAT VAN DIE OU VERBOND AS SKEPPINGSORDINANSIE – SABBAT VAN NUWE VERBOND AS NUWE SKEPPING DEUR CHRISTUS**

1. Die Sabbat van die Ou verbond is ingestel as skeppingsordinansie voor die sondeval. Na die sondeval leef die mens in die skadu van die nuwe skepping.
   i. Gen 2:3 En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.
   ii. Exo 20:11 Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
   iii. Exo_31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig ‘n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.
2. Die Sabbat van die Nuwe Verbond is ingestel as skeppings ordinansie deur Christus se opstanding.
   i. Efe 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep.
   ii. 2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.
   iii. Gal 6:15 Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel.
   iv. 1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;
   v. 1Kor 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam ‘n lewendmakende Gees.
   vi. 1Pe 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ‘n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,
   vii. Openb_21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

**h. DIE SABBAT VAN DIE OU VEBOND AS 'N TEKEN VAN DIE VERBOND WAT IN CHRISTUS VERVUL IS**

1. Die Sabbat as teken van die verbond.
    i. Exo 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n **teken** tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle **heilig**.
    ii. Exo 31:14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.
    iii. Exo 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die HERE. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.
    iv. Exo 31:16 En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n **ewige verbond**.
    v. Exo 31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir **ewig 'n teken**; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.
    vi. Deu 5:2 Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n **verbond** gesluit. 3 Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is. **Die wet is deel van die verbond.**
    vii. Eze 20:12 Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n **teken** te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle **heilig**.
    viii. Eze 20:20 En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n **teken** wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is.
2. Die Verbond is in Christus die Hoof van die Nuwe Verbond vervul.
    i. Luk 1:68-72 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg— soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af— redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat, Luk 1:72 om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige **verbond** te dink,
    ii. Han 3:25-26 En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.
    iii. Rom 11:27 en dit is van my kant die **verbond** met hulle as Ek hulle sondes wegneem.
    iv. Heb 7:22 in sover het Jesus van 'n beter **verbond** borg geword.
    v. Heb 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter **verbond** wat op beter beloftes wettelik gegrond is.

vi. Heb 8:8-13 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,
9. nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.
10. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
11. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.
12. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.
13. As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

vii. Heb 10:16 want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,

3. Ou Verbond Sabbat is 'n skaduwee van die Nuwe Verbond wat in Christus vervul is.
   i. Mat 4:16 die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan.
   ii. Kol 2:16-17 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of **sabbat** nie,
   wat 'n **skaduwee** is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.
   iii. Heb_8:5 hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die **tabernakel** sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.
   iv. Heb_10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.
4. Die Seremoniële Feesdae van die Ou Verbond op die eerste dag van die week, is in die Nuwe Verbond se Sabbat op die eerste dag vervul.
   i. (7+7)+1 Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.
   ii. Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

iii. Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.
iv. Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg.
v. Lev 23:12 Julle moet ook op die dag as julle die gerf beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan die HERE berei,
vi. Lev 23:13 en die spysoffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n efa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan die HERE, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hin.
vii. Lev 23:14 En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle God bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.
viii. Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees;
ix. Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring.
x. Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan die HERE.
xi. Lev 23:18 Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan die HERE wees saam met die spysoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan die HERE.
xii. Lev 23:19 En julle moet een bokram as sondoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as dankoffer,
xiii. Lev 23:20 en die priester moet hulle saam met die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van die HERE beweeg saam met die twee lammers; dié moet aan die HERE heilig wees, ten voordele van die priester.
xiv. Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.
xv. Lev 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.
xvi. Lev 23:34 Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE.
xvii. Lev 23:35 Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.
xviii. Lev 23:36 Sewe dae lank moet julle aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

xix. Lev 23:37 Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe;
xx. Lev 23:38 behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee.
xxi. Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.
xxii. Lev 23:40 En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees.
xxiii. **Die rede vir hierdie Feesdae word in vers 43 beskryf naamlik hulle verlossing uit Egipte wat heenwys na die verlossing deur Christus (sien par d. hierbo)** Lev 23:43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God.

5. Besnydenis as teken van die verbond wat in Christus deur die doop vervul is, vind op die agtste dag plaas wat heenwys na Christus se opstanding.
   i. Lev_12:3 En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word.
   ii. Luk_1:59 En op die agtste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaría noem, na die naam van sy vader.
   iii. Act_7:8 En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders.
   iv. Php_3:5 Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;
   v. Kol 2:11-12 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,
   omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

**i. CHRISTUS IS HERE VAN DIE SABBAT**

1. Christus is die Inhoud en Skepper van die SABBAT
   i. Mat 12:8 want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat.
   ii. Mar 2:27 En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.
   iii. Mar 2:28 Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.

iv. Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
v. Mat_28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

**j. DIE WOORD VAN GOD IS DEUR SY GEES GEINSPIREER**

1. NGB Artikel 5 - Die gesag van die Heilige Skrif. Ons aanvaar al hierdie boeke en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.
2. Exo_32:16 En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.
3. Artikel 7 - Die Volkomenheid van die Heilige Skrif
Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal_1:8 : Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deu_12:32 : Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Psa_62:9 [Ou Vert. Vers 10] : Ja, nietigheid is die mensekinders, leuens is die aansienlikes; in die weegskaal moet hulle opgaan, almal saam is hulle minder as nietigheid.). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1Jo_4:1) en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2Jo_1:10).

**k. ONS VOLG DIE VOORBEELD VAN DIE APPOSTELS**

1. **Die eerste Christelike publieke samekoms en diens was op die eerste dag.**
Han 2:14 Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde.

2. Joh 20:19 En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!
3. Joh 20:26 En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!
4. Han 1:13 En toe hulle daar kom, gaan hulle na die bo-vertrek **waar hulle gewoond was** om te vertoef, naamlik: Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas, Filippus en Thomas, Bartholoméüs en Matthéüs, Jakobus, die seun van Alféüs, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus. **(Daar is nie 'n voorbeeld waar die Apostels op 'n ander dag as die 1ste in die bovertek byeengekom het nie, en dis daarom logies dat hierdie vers die plek en tyd (eerste dag) beklemtoon)**
5. Han 20:7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. (Die Nagmaal is bedien op die Opstandingsdag)
6. 1Co 16:1,2 Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.
7. Die Heilige Gees is uitgestort op die eerste dag van die week. Han 2:1-4. En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

**l. WOORVERKONDIGING**

1. Han 20:7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle **toegespreek**, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.

**m. BEDIENING VAN DIE NAGMAAL**

1. Han 20:7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om **brood te breek**, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. (Die Nagmaal is bedien op die Opstandingsdag)

**n. DOOP**

1. Han 2:41 Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

**o. INSAMELING**

1. 1Co 16:1,2 Wat die **insameling** vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.